# Motheo Onderwysdistrik

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## Vraestel 1

## TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES EN LETTERKUNDE

## September 2014

**GRAAD : 12**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
   AFDELING B: Opsomming (10 punte)
   AFDELING C: Taal (40 punte)
   AFDELING D: Letterkunde (40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# ALTYD DORS VIR COKE

1 Coca-Cola is een van die bekendste handelsname wat bestaan. Daar is kenners wat beweer die woord "Coca-Cola" is naas "oukei" die bekendste woord ter wêreld. Coke het op 'n manier die aarde vir hulle gevat. Daardie rooi borde met die Coke-logo gaan jy oor die hele wêreld sien en sal jy dit selfs in 'n vreemde taal herken.

2 Party mense dink dat Coke in die bottel beter smaak as wanneer dit uit 'n blikkie kom. Ander reken weer daar is niks so lekker as 'n glas Coke met ys nie. Party mense raak verslaaf daaraan en te veel daarvan is nadelig vir die gesondheid. Dit bevat baie suiker en die hoeveelheid kilojoules is hoog.

3 Die bruin drankie het 'n lang geskiedenis en is 128 jaar oud. Die eerste Coke het kokaïen en kafeïen bevat, wat van kolaneute en kokablare gemaak is. Dis ook waar die naam vandaan kom

4 Coca-Cola is in 1886 deur dr. John Pemberton gemaak. Hy was 'n apteker wat in die Amerikaanse staat Atlanta gewoon het. Die wêreldhoofkantoor van die maatskappy is steeds in Atlanta.

5 Pemberton het 'n hele klomp bestanddele saamgevoeg en die drank in 'n driebeen-koperketel in sy tuin gemaak. Daar word beweer dat die oorspronklike resep in 'n bankkluis in Atlanta bewaar word. Pemberton se boekhouer, Frank Robinson, het die bekende Coke-logo ontwerp. Coke bevat nie meer elemente van kokaïen en kafeïen nie.

6 In 1887 het Pemberton die Coca-Cola-formule verkoop. Die nuwe eienaar was 'n baie goeie sakeman en hy het dit so slim bemark en goed geadverteer dat die verkope tussen 1890 en 1900 met meer as 4 000 persent gestyg het. In die vroeë 1890's was dit oral in Amerika en Kanada te koop.

7 Aanvanklik was die mode in Amerika om in winkels soortgelyk aan ons koffiewinkels Coke te drink. Eers later is die gebottelde drankie bekendgestel en het dit gewilder geraak.

| | |
|---|---|
| 8 | In 1915 het die Coca-Cola-maatskappy ’n kompetisie gehou om ’n bottel te vind waarvan mense die vorm dadelik sou herken. Dit moes só herkenbaar wees dat iemand wat net ’n stukkie glas daarvan sien, moes weet dat dit ’n Coca-Cola-bottel is. |
| 9 | Die wenner was ’n unieke patent en dit is vandag nog van die herkenbaarste ikone in die wêreld. |
| 10 | Die maatskappy was ook die eerste borg van die Olimpiese Spele toe hy die 1928-Spele in Amsterdam geborg het. |
| 11 | Coke word steeds slim bemark deur verskillende kultuur- en ouderdomsgroepe te teiken. Visuele elemente, soos grafika en rekenaarspeletjies, word byvoorbeeld op T-hemde gebruik. Kyk maar om jou rond; oral waar jy kyk, sal jy boodskappe van Coke sien. Al is ’n mens is so gewoond aan Coke-advertensies dat jy dit amper nie meer sien nie, sien jy dit onbewustelik raak. Dit bly ’n wêreldgunsteling met ’n unieke smaak |

[Verwerk en verkort uit *Rapport My Tyd* 13/02/211]

**VRAE**

1.1 Watter bekende produk se geskiedenis word in die artikel bespreek? (1)

1.2 Coca-Cola is die woord wat die meeste in die wêreld gebruik word.
Is die stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord met EEN sin uit paragraaf 1. (1)

1.3 Noem TWEE maniere waarop Coca-Cola die aarde vir hulle gevat het. (2)

1.4 Noem DRIE maniere waarop Coca-Cola deur mense gedrink word. (3)

1.5 Gee TWEE REDES hoekom Coca-Cola nie gesond is vir mense nie? (2)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die letter (A–D) neer.

Die eerste Coca-Cola is gemaak van ...

A. kokaïen en kafeïen
B. kokaïen, kafeïen en water
C. kafeïen en water
D. kokaïen en suiker (1)

1.7 Voltooi:
Die persoon wat die eerste Coca Cola gemaak het, se werk was ... (1)

1.8 Waarom word Atlanta die “hart van Coke” genoem? (1)

1.9 Hoekom dink jy word die resep vir Coca-Cola volgens paragraaf 5 in ’n bankkluis bewaar? (1)

1.10 Haal die DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE in paragraaf 5 aan wat sê dat mense nie seker is dat die Coke-resep in 'n bankkluis bewaar word nie.(1)

1.11 Gee **twee redes** waarom Coca-Cola se verkope tussen 1890 en 1900 soveel gestyg het. (2)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (1.13) en die letter (A–D) neer.

Dit was mode om Coca-Cola in ... te drink.

A koffiewinkels
B kafees
C Coca-Cola-winkels
D steakhouses (1)

1.13 Watter eienskap van 'n Cokebottel maak dit só herkenbaar? (1)

1.14 Wat is vandag een van die herkenbaarste ikone in die wêreld? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (1.15) en die letter (A–D) neer.

A Die Olimpiese Spele is die eerste keer in 1922 in Amsterdam gehou.
B Coca-Cola het koeldrank gegee vir die Olimpiese Spele in Amsterdam.
C Slegs Coca-Cola is by die Olimpiese Spele in Amsterdam verkoop.
D Coca-Cola het geld gegee vir die Olimpiese Spele in Amsterdam. (1)


1.16 Noem TWEE MANIERE waarop Coca-Cola vandag bemark word. (2)

1.17 Verduidelik in EEN VOLSIN wat bedoel word met "'n unieke smaak" in paragraaf 11. (1)

1.18 Dink jy Coca-Cola sal nog lank só gewild bly in die wêreld?
Motiveer jou antwoord. (1)
**(24)**

**TEKS B: GRAFIEK**

Die grafiek hierbo gee die getalle van nuwe winkels wat Coca-Cola verkoop vanaf 2008 tot 2009.



1.19 In watter jare is die meeste en die minste Coca-Cola verkoop? (2)

1.20 Wanneer is die meeste nuwe winkels oopgemaak? (1)

1.21 Hoeveel Coca-Cola is in 2012 verkoop? (1)

1.22 In watter jaar is 20 000 bottels Coca-Cola verkoop? (1)

1.23 Kyk baie mooi na die grafiek en skryf wat jy sien in EEN sin neer. (1)
(6)

**TOTAAL AFDELING A: (30)**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: GRAAD 12 EN STRES**

- Som die belangrikste wenke van sewe student vir Graad 12 en stres op.
- Skryf die SEWE wenke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Graad 12 en stres**

Sewe studente wat verlede jaar in graad 12 was, gee wenke vir leerders wat nou in hul matriekjaar is:

Pulane van Thaba Nchu: “Om graad 12 te kan hanteer, is dit belangrik om positief te wees en in jouself te glo. Dan is uitdagings nie te groot nie.” Puleng van Botshabelo: “As ek nie ordentlik eet nie, beteken ek niks. Met ‘ordentlik eet’ bedoel ek ’n mens moet gereeld eet. My raad is: eet ’n ordentlike ontbyt, ’n ligte middagete en ’n gesonde aandete.”

Ndlovu van Hobhouse sê dat jou lewe struktuur moet hê. ’n Studierooster help om die nodige struktuur aan jou matriekjaar te gee.”Refilwe van Bloemfontein weet dat jy moet dink aan waar jy jou huiswerk doen. Maak seker jy het ’n plek waar jy kan konsentreer. Sello van Wepener meen dat jou skoolwerk nie so belangrik moet word dat jy vergeet om oefening te doen en fiks te bly nie. ’n Gesonde liggaam help jou om akademies beter te vaar.”

Ntabiseng van Ladybrand dink dat selfkennis die sleutel tot sukses is. Wanneer jy met iets sukkel, moet jy hulp vra. Thabo van Musina: “ As jy dink jy gaan volgende week of volgende maand begin werk, is dit nie goed genoeg nie. Begin vandag werk en werk hard.

[Verwerk uit: *Presteer x-kit*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**




[Geneem uit: *x-kit Presteer*]

3.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Kyk net wat kry ek in ruil vir my (geld). (1)

3.2 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Meer tyd saam met my (kind). (1)

3.3 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Deesdae ry ek vinniger huis toe. Sanral verbeter die paaie. (omdat) (1)

3.4 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Ek bring tien ekstra ure saam met by gesin deur. (1)

3.5 Gee ’n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

My rit (in die oggend) is korter. (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord
Skryf slegs die vraagnommer (3.6) en die letter (A–D) neer.

Die vrou ....

A beveel mense om tolgeld te betaal
B bied aan om mense se tolgeld te betaal
C wil nie hê mense moet tolgeld betaal nie
D moedig mense aan om tolgeld te betaal. (1)

3.7 Skryf die sin oor en verbeter die TAALFOUT wat gemaak is. (1)

Die advertensie probeer mense oorreed om tolgeld betaal.

3.8 Kies die KORREKTE SPELLING tussen hakies.

Baie mense (weier/wyer) om tolgeld te betaal. (1)

3.9 Gee ’n AFKORTING vir *per maand*. (1)

3.10 Hoekom dink jy is dit goed om ’n ma en haar kind in die advertensie te gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**




[Geneem uit: *x-kit Presteer*]

4.1 Skryf die sin oor en verbeter die WOORDORDE.

Mona bestuur (n die stad)(swak) (elke dag). (1)

4.2 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Mona het gesien dat Refilwe nie kan bestuur nie. (1)

4.3 Skryf (**50)** persent in woord. (1)

4.4 Kies 'n woord in die blokkie om die sin te voltooi. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

| vererg; bang; kwaad; verbaas |
|---|

In die tweede raampie lyk Refilwe ... (1)

4.5 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Kyk waar jy ry Mona
Begin so: Refilwe sê ...

4.6 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Mense sal dink jy is 'n gevaar op die pad. (1)

4.7 Skryf die sin in die LYDENDE VORM

Motors veroorsaak vyftig persent van verkeersongelukke. (1)

4.8 Vul die KORREKTE VOORSETSEL in.

Motors ry vinnig ... die paaie van Suid-Afrika. (1)

4.9 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van bestuurder. (1)

4.10 Dink jy die strokiesprent is reg as dit sê dat vrouens nie kan bestuur nie. Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**VRAAG 5**

**VRAAG 5.1: ARTIKEL**

**Franse skooldag lank**

1 Leon van der Vyver, wat vir drie maande in Frankryk skoolgaan, skryf die volgende oor sy ervaring.

2 As 'n Franse student het jy elke dag klas van agtuur in die oggend tot in die namiddag, Maandag tot Vrydag. Jy kry een "pouse" van 90 minute. In daardie tyd kan jy by die skool se kafeteria eet of êrens in een van die stad se vele kafees of restaurante. (5.1.3 Sommige/Som) van my Franse vriende gaan selfs huis toe vir middagete.

3 In die meeste Franse skole kies jy 'n rigting en nie (5.1.6 spesifiek) vakke nie. Jy kan kies uit literatuur, wetenskap of ekonomie. Periodes is (5.1.7'n/die) uur

lank, en jy het dikwels dubbelperiodes. Jy leer drie tale: Frans, Engels en Spaans of Duits. Een dag van die week word toetse geskryf, wat wissel van twee tot drie uur.

4 Sport is glad nie deel van die skoolkurrikulum nie. Enige sport moet ná skooltyd by klubs beoefen word, en jy betaal ekstra daarvoor.

5 Die kinders is oor die algemeen baie vriendelik, en ek het geleer dat 'n glimlag jou ver kan bring met nuwe mense. (5.1.12) Mense stel altyd in ander lande belang Dit is maklik om 'n geselsie aan te (5.1.14 ____).

[x-kit Presteer]

5.1.1 Wat noem ons die mense wat in Frankryk bly? (1)

5. 1.2 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Leon gaan in Frankryk skool. (1)

5. 1.3 Kies die REGTE WOORD en skryf dit neer in jou antwoordeboek. (1)

5. 1.4 Vorm 'n SAMESTELLING van *vis* en *restaurant*. (1)

5. 1.5 Gee die STELLENDE TRAP van meeste. (1)

5. 1.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. (1)

5. 1.7 Kies die regte LIDWOORD. (1)

5. 1.8 Skryf die VRAAGSIN waarvan die antwoord die volgende is, neer
Ek leer Frans, Engels en Duits. (1)

5. 1.9 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Sport is glad nie deel van die skoolkurrikulum nie.
Begin so: Nee, ... (1)

5. 1.10 Kies die KORREKTE VOORNAAMWOORD.

Ek deel graag (my; myne; my se) glimlag met almal. (1)

5. 1.11 Gee die KORREKTE INTENSIEWE vorm van die woord tussen hakies.

Almal hou van iemand met 'n (baie breë) glimlag. (1)

5. 1.12 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 5 oor en vul die LEESTEKEN in wat uitgelaat is. (1)

5. 1.13 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die (laf) jong meisie lag altyd. (1)

5. 1.14 Vul die ontbrekende woord in.(Paragraaf 5) (1)

**[14]**

**VRAAG 5.2**



Die bruid en bruidegom is baie gelukkig, want (5.2.1 al hulle beste vriende was deel van hulle troue.) Hulle het vier strooijonkers en vier strooimeisies gehad. Die troue was by die see. Almal was kaalvoet en het op die sand geloop.

5.2.1 Skryf die onderstreepte sin in die VERLEDE TYD. (1)

5.2.2 Gee die ANTONIEM van gelukkig. (1)

5.2.3 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Die troue was by die see. (1)

5.2.4 VERBIND die volgende sinne met die woord tussen hakies

Die troue was op die strand. Niemand het skoene aangehad nie. (daarom) (1)

5.2.5 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Sjuut!/Nee!/Ai!) Die bruid lyk so mooi vandag! (1)

5.2.6 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Begin só: Die bruidspaar weet hoe ... 'n lekker troue ... reël. (1)

**[6]**

**TOTAALAFDELING C: 40**

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Jy moet albei doen.

**VRAAG 6: ’n MAN KOM TUIS – CHRIS BARNARD**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

> Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, ‘n klein koffertjie op die skoot, ‘n week se baard op sy wange en ‘n tamaai glimlag om die mond. Sy ander bagasie – ‘n paar los pakkies en ‘n halwe sakkie lemoene – le agter op die sitplek.

6.1 Waar werk Gouws? (1)

6.2 Hoe weet die verteller Gouws wil saamry (1)

6.3 Kies die korrekte antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A –D) neer.

Gouws gaan eenkeer ’n ……….huis toe.

A week
B maand
C kwartaal
D jaar. (1)

6.4 “Toe begin hulle weer ‘n spannetjie.” Na wie verwys die woord “spannetjie” (1)

6.5 Gouws bly by sy eerste vrou en kinders.

6.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

6.5.2 Motiveer jou antwoord op vraag 6.5.1 met ’n rede uit die kort verhaal. (1)

6.6 Kies elke keer die antwoord uit kolom B om by die inligting in kolom A te pas.
Skryf slegs die vraagnommer (6.6.1 -6.6.4) en die letter (A –E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.6.1 Wilgerspruit | A sit op die stoep en brei |
| 8.6.2 Gouws se vrou | B soek na geselskap |
| 8.6.3 Die hond | C hy is ‘n slimkop |
| 8.6.4 Petrus | D sal eerste blaf |
| | E Gouws se tuisdorp |

(4)

Lees die uitreksel en beantwoord die vrae.

> Ek het gewonder; skort hier iets? Hoekom wil hy my nie naby sy huis he nie? Want hy het my aanbod nie sommer net hoflikheidshalwe van die hand gewys nie. Daar was iets in sy stem, ‘n beslistheid, wat my vreemd voorgekom het.

6.7 Gee TWEE voordele van Gouws se werk as padmaker. (2)

6.8 Kies die korrekte antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

…………… is in standerd een.

A Gawietjie
B Andries en Hestertjie
C Sienie
D Petrus (1)

6.9 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik.
Skryf slegs die vraagnommer (6.9.1 – 6.9.4) en die woord neer.

| |
|---|
| vyf, lemoensakkie, dameskoene, tien, koffertjie, bagasie, los pakkies |

Die 6.9.1……….het oopgespring en die 6.9.2 ……………het gebreek. Daar het twee splinternuwe 6.9.3 …………..uit die skoendoos geval. Maar niemand het dit gemerk nie. Dit was net kinders en hond en lemoene en skoene en pa en ma deurmekaar, ‘n hele 6.9.4………. minute lank. (4)

6.10 Hoekom word Gouws nou stiller as hulle die dorp binne ry? (1)

6.11 Verduidelik hoekom Gouws nie wil hê die verteller moet hom by sy huis aflaai nie. (2)

6.12 Wat leer jy uit Gouws se lewe as padmaker? (1)

**TOTAAL [20]**

**VRAAG 7: DIE RAMP - T. T. CLOETE**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Ons was in Houtbaai met vakansie. Daar het my vrou baie siek geword.
> Al geneesheer in die omgewing was ’n afgetrede dokter wat net goed genoeg was om haar hand vas te hou, soos my vrou gesê het. Toe sy erger word, het ek teen hoë koste ’n geneesheer uit Kaapstad laat kom. ...
>
> ... Later is ek papnat en koud. Toe ek weer ’n motor hoor aankom van Humansdorp se kant af, dink ek daaraan om die oudste seuntjie saam met my te laat staan en smeek om hulp. Mense hou dalk stil as hulle die kind sien

7.1 Wat was die dokter se diagnose? (1)

7.2 Die verteller en sy familie bly in Houtbaai.

7.2.1 Sê of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is.

7.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.2.1 met ’n rede uit die kortverhaal. (1)

7.3.1 Hoe sou die verteller se vrou op die lughawe kom? (1)

7.4 Noem TWEE redes waarom die rit per motor “moeilik” was. (2)

7.5 Verbind die woorde in KOLOM A met die regte stelling in KOLOM B om kernfeite in die verhaal op te som. Skryf net die vraagnommer en die letter neer bv. 7.5.1 E.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 7.5.1 petroljoggie | A het ’n hoë koors begin ontwikkel |
| 7.5.2 kleinste kind | B op Humansdorp – geen wakende siel |
| 7.5.3 verteller | C moes flink ry deur die nag |
| | D het oor die ma gehuil |

(3)

7.6 Kies die VERKEERDE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die motor het gaan staan omdat …

A dit teen ’n steenbokkie gebots het.
B die petrol op was.
C al die water uit die verkoeler gelek het.
D die verkoeler losgeruk het. (1)

7.7 Gee ’n bewys uit die kortverhaal dat die man se plan om sy oudste seuntjie by hom in die reën te laat staan, geslaag het. (1)

7.8 Voltooi die volgende paragraaf deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.8.1 – 7.8.4) neer.

| |
|---|
| sleepwa, weier, breek, insleepmotor, vergoed |

Uiteindelik is my motor aan die 7.8.1 … gehaak. Die dag wil amper 7.8.2 … Ek wil my weldoener 7.8.3 … Hy 7.8.4 … om iets van my te neem. (4)

7.9 Die man was indirek vir die weldoener se dood verantwoordelik.

7.9.1 Sê JA of NEE.

7.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.9.1 volledig TWEE redes uit die verhaal. (2)

7.10 Gee TWEE karaktereienskappe van die weldoener. (2)

7.11 In die kortverhaal leer ons hoe mense mekaar behandel.

7.11.1 Wat leer jy oor die behandeling van jou lewensmaat? (1)

7.11.2 Wat leer jy oor die behandeling van ander mense? (1)

**[20]**

**GROOTTOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL VRAESTEL:120**